# PAASFEES

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)
Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

Bestudeer asseblief die Skrif verwysings om sodoende die Oordenking te begryp**.**

**Die Oordenking rondom Paasfees word in 4 Afdelings behandel, naamlik:**
1. **Jesus se dae in die graf**
2. **Dag van opstanding**
3. **Dag na opstanding**
4. **Ná Paastyd: My plig**

-o0o-

## 1. JESUS SE DAE IN DIE GRAF

### SKRIF VERWYSING VAN OORDENKING: Lukas 23:44-47

**Lukas 23:44 En dit was omtrent die sesde uur, en daar het duisternis oor die hele aarde gekom tot die negende uur toe;**
**Lukas 23:45 en die son is verduister; en die voorhangsel van die tempel het middeldeur geskeur.**
**Lukas 23:46 En Jesus het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Vader, in u hande gee Ek my gees oor! En toe Hy dit gesê het, blaas Hy die laaste asem uit.**
**Lukas 23:47 En toe die hoofman oor honderd sien wat daar gebeur, het hy God verheerlik en gesê: Waarlik, hierdie man was regverdig.**

**i) Wat Het In Die Geestelike Realm Gebeur Vandat Jesus Begrawe Is, Totdat Hy Opgestaan Het?**

Ek wil dit baie duidelik stel: Jesus Christus was nooit dood gemaak nie. Mense sê Hy was doodgemaak maar dit was nie regtig so nie. Die Bybel sê **Hy het Sy eie lewe gegee**; Hy het Sy gees oorgegee aan die Vader.
Lukas 23:46 En Jesus het met 'n groot stem uitgeroep en gesê: Vader, in u hande gee Ek my gees oor! En toe Hy dit gesê het, blaas Hy die laaste asem uit.

Dit is belangrik om te weet dat die dood slegs verbintenis het met sondige bloed, dit wil sê bloed waaraan satan mag gehad het. Die dood is die vrug van die saad wat satan, in die vorm van sonde, in die menslike lewe gesaai het. Dood beteken skeiding. Ons moet in gedagte hou Christus Jesus onse Here, was die onverganklike saad; Hy was die ewiglewende saad. (Sien lesing: Alomteenwoordige, Almagtige, Ewige God).

Hierdie wete laat besef 'n mens dat die dood geen houvas op Christus Jesus kon hê nie. Geen menslike element kon enige houvas op Hom kry nie, want Hy was uit die Vader, Hy was die saad wat die Vader gesaai het. Dit beteken al die eienskappe wat in Jesus Christus was, fisies en geestelik, het uit die Vader gekom. Dit is waarom die Vader gesê het: Matthéüs 3:17 En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het.

Hierdie is baie diep waarhede. Wanneer ek daaroor nadink, dan besef ek dat Jesus, alhoewel Hy mens was, was Hy eintlik 'n onsterflike wese op aarde. Die dood kon aan Hom geen houvas kry nie; hulle kon Hom nie doodmaak nie, want Hy het ewiglewende Gees in Hom gehad, ewiglewende saad. Saad waaraan die duiwel en sy magte en die dood self geen houvas gehad het nie. Daarom moes Hy 'n vrywillige offer

wees, wat Sy lewe neerlê en Sy gees aan die Vader oorgegee het. Die duiwel het nooit die mag oor enige aspek van Sy lewe gekry nie. Hy het natuurlik na die beste van sy vermoë probeer.

### ii) Hoe Lank Sou Jesus Gelewe Het Sou Hy Nie 'n Vrywillige Offer Gewees Het Nie?

Dit is 'n baie interessante vraag, want eintlik was Hy onsterflik, omrede Hy nie uit verganklike saad gebore was nie, maar uit onverganklike saad (van die Vader). Hy was alreeds 'n geestesmens hier op aarde, hieroor kan baie gesê word.

Ek wil egter fokus op wat gebeur het **tussen** die kruisiging en die opstanding. Die Bybel sê vir ons Hy het na die onderwêrelde afgedaal.

### iii) Wat Het Gebeur Op Die Kruis. Hoekom Het Hy Daar Vir 3 Ure Gehang?

Hy moes vir 3 ure daar hang vir die eenvoudige rede dat satan Hom sonde moes laat doen. Satan moes Hom in 'n posisie kry waar Hy óf moedeloos gewees het, óf selfs net gesug het, want dan sou Hy nie meer 'n vrywillige offer wees nie.

### iv) God Se Liefdesoffer

Ons moet eerstens die offer wat die Vader vir die mensdom **in** Christus gegee het, begryp.

Johannes 3:16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Hy was 'n vrywillige liefdesoffer van die Vader aan die mensdom. 'n Offer waarmee die Vader na die mensdom uitgereik en gesê *het, "Ek gee vir julle 'n offer, aanvaar net hierdie offer, My versoeningsoffer aan julle. Ek gee My Seun, die Onsterflike, om vir julle te sterf. Om Sy lewe vir julle af te lê sodat Hy die oorwinning kan behaal oor die dood"*

Die lewe het gekom, die lewe is gegee sodat ons **in** Hom ewige lewe kan hê.

1 Johannes 5:11 En dit is die getuienis: dat God ons die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy Seun.
1 Johannes 5:12 Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie.

Die Bybel sê satan het alles in sy mag probeer om Jesus sonde te laat doen. Hy het alle demoniese magte in Christus laat invaar. Alle hartseer, peste, pyn, plae, siektes, ellendes, al ons smarthede, het Hy op Hom geneem.

Toe Hy almal uiteindelik ingekry het, sê Hy vir die Vader: **Dit is volbring**. Met ander woorde: '*Vader, Ek het nou die wêreld skoon gemaak. Ek het nou al hierdie demoniese sataniese magte op My geneem en nou is Ek reg'.*

Johannes 19:30 En toe Jesus die asyn geneem het, sê Hy: Dit is volbring! En Hy het sy hoof gebuig en die gees gegee.

Hoekom sê ek so? Judas het agterna skielik berou gekry. Wat het dan van die demoniese magte geword wat in hom was, en hom hierdie dinge laat doen het?

Die hoofman oor 100 wat Hom gekruisig het, sê: *Waarlik Hy is die Seun van God*. Waar is hierdie magte dan wat hulle hierdie dinge laat doen het? Al daardie demoniese magte is nou in Jesus in. Jesus het die hele wêreld skoon gemaak, dit vry gemaak van demoniese magte.

Lukas 23:47 En toe die hoofman oor honderd sien wat daar gebeur, het hy God verheerlik en gesê: Waarlik, hierdie man was regverdig.

-o0o-

### v) Jesus Se Triomf

Jesus gee Sy lewe vir die Vader, en Hy daal in die onderwêrelde neer.

### vi) Drie Onderwêrelde

***a)* ABYSS**

Die eerste onderwêreld waarin Hy afgedaal het word in Hebreeus die **'Abyss'**, die bodemlose put, genoem. God het die demoniese magte oorspronklik hier geplaas. Jesus het die demone wat die mens op die aarde losgelaat het, in Hom ingeneem en hulle in die Abyss gaan los, en die sleutels van die dood en die doderyk teruggevat. Alle mag wat die dood oor die mens gehad het, alle mag wat die sataniese magte by die mens gesteel het, het Jesus teruggevat. Hy sê vir hulle: '*Gee vir My terug die sleutels van die dood en die doderyk. Ek is die lewe. In My is daar net lewe. Julle het geen houvas meer op almal en alles wat in My is nie, en diegene wat aan My behoort het die reg op die lewe. Gee vir My terug die mag en gesag wat julle by die mense op aarde kom steel het. Dit het nog nooit aan julle behoort nie; hierdie is julle plek. Dit is waar julle sal bly'.*

b) **TARTARUS**

Daarna gaan Hy na die **Tartarus** (prison) toe en gaan vertoon Homself. Hy maak 'n proklamasie aan die gevalle engele wat met die dogters van die mense in Génesis 6 omgang gehad het, om te verhoed dat die Messias gebore moes word. Hy het 'n oorwinningsproklamasie gaan maak, (volgens die oorspronklike Griekse woord) Hy het nie gaan preek nie. Dit is dieselfde plek waarheen satan en sy gevalle engele eendag geneem en gebind sal word. Hulle gaan nie na die Abyss toe nie.

**c) PARADYS**

Daarna het Hy teruggekom na die Paradys toe. Hy het die Paradys oopgesluit. Al die heiliges wat op daardie stadium in die paradys was, vanaf Adam tot die rower aan die kruis, was daar in die Paradys. Jesus het gesê: *"Nou het die dood oor julle geen mag meer nie, want Ek het die sleutels van die dood en die doderyk"* en Hy het op die dag van die opstanding opgestaan. Hulle kon saam met Hom opstaan omdat Hy die sleutels van die dood en die doderyk het.

Matthéüs 27:52 en die grafte het oopgegaan en baie liggame van die ontslape heiliges het opgestaan.
Matthéüs 27:53 En ná sy opstanding het hulle uit die grafte uitgegaan en in die heilige stad ingekom en aan baie verskyn.

Wikipedia
What is Tartarus prison?

Tartarus is die kompartement in die doderyk en dit is 'n plek van gevangenskap vir daardie gevalle engele wat in Genesis 6 gesondig het (vgl. 2 Petrus 2:4 en Judas 6-7). Hierdie gevalle engele bly daar totdat hulle in die poel van vuur gegooi word

2 Petrus 2:4 Want as God die engele wat gesondig het, nie gespaar het nie, maar hulle in die hel gewerp en aan kettings van duisternis oorgegee het, om vir die oordeel in bewaring gehou te word;

Judas 1:6 En die engele wat hul eie beginsel nie bewaar het nie, maar hul eie woning verlaat het, het Hy vir die oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis bewaar;

Judas 1:7 soos Sodom en Gomorra en die stede rondom hulle, wat op dieselfde manier as hierdie mense gehoereer en agter vreemde vlees aangeloop het, as 'n voorbeeld gestel is, terwyl hulle die straf van die ewige vuur ondergaan.

-o0o-

# 2. DAG VAN OPSTANDING

**SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING:**

**Mattheüs 28:18 En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.**

**Genesis 1:1 In die begin het God die hemel en die aarde geskape.**
**Genesis 1:2 En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters.**
**Genesis 1:3 En God het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig.**

**Johannes 20:14 En toe sy dit gesê het, draai sy haar om agtertoe en sien Jesus staan, en sy het nie geweet dat dit Jesus was nie.**
**Johannes 20:15 Jesus sê vir haar: Vrou, waarom ween jy? Wie soek jy? Sy het gedink dat dit die tuinier was en antwoord hom: Meneer, as u Hom weggedra het, sê vir my waar u Hom neergelê het, en ek sal Hom wegneem.**
**Johannes 20:16 Jesus sê vir haar: Maria! Sy draai haar om en sê vir Hom: Rabboeni! dit beteken Meester.**
**Johannes 20:17 Jesus sê vir haar: Raak My nie aan nie, want Ek het nog nie opgevaar na my Vader nie; maar gaan na my broeders en sê vir hulle: Ek vaar op na my Vader en julle Vader, en my God en julle God.**

**Génesis 3:17 En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie—vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe.**
**Génesis 3:18 Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring; en jy sal die plante van die veld eet.**

**Hebreërs 9:12 ook nie met die bloed van bokke en kalwers nie, maar met sy eie bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweeggebring.**

## Wat Het Regtig Gebeur In Die Dag Van Die Opstanding?

### i) Jesus Se Proklamasie:

Mattheüs 28:18 En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.

**God Se Almag**

Genesis 1:1 In die begin het God die hemel en die aarde geskape.
Genesis 1:2 En die aarde was woes en leeg, en duisternis was op die wêreldvloed, en die Gees van God het gesweef op die waters.
Genesis 1:3 En God het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig.

Die Woord sê in die begin het God die hemel en die aarde geskape. Die Woord het uit die mond van die Godheid gegaan en die Woord het die klank gegee. Dit is daardie selfde mond, daardie selfde stem, daardie

selfde klank wat daardie tyd gesê het laat daar lig wees, laat daar sterrestelsels wees, laat die hemelruim ontstaan; dit is daardie selfde mond wat proklameer*: aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.*

Sommige van hierdie sonne is só groot dat ons hele melkweg stelsel daarin kan verdwyn. Probeer jou indink watter ontsaglike outoriteit en krag daar uitgegaan het tydens die Skepping. Die heelal het uit Sy mond gekom, 'n mens weet nie wat alles daar was nie, maar alles moes geskud het tydens die skepping!

Probeer nou dink hoe die heelal geskud het tydens die opstanding, hoe die bose gesidder en gebewe het! Stel jou voor wat het in die geestelike realm gebeur toe Christus uit die dood opgestaan en die hel oorwin het, toe satan van al sy mag, krag en gesag ontneem is, en al die heiliges in die Paradys saam met Hom opgestaan het! **Halleluja!!**

### ii) Maria

Vervolgens verskyn Jesus aan Maria. Sy was onder die indruk dat Hy die tuinier was, want sy het Hom nie herken nie totdat Jesus gesê het **'Maria'!** Hy spreek daardie naam wat 'volkome transformasie' beteken in haar in, met ander woorde Jesus sê: *'Hierdie is jou naam wat voor die grondlegging van die wêreld geskrywe is. **Jy IS** nou die getransformeerde Maria, jy is nou 'n dissipelin. Ek verklaar dit met dieselfde mond wat die heelal geskape het*'. Die oomblik toe Jesus sê 'Maria'! kon sy niks ander sê as Rabboeni. Dan sê Jesus vir haar dat sy Hom nie moes aanraak nie.

Johannes 20:16 Jesus sê vir haar: Maria! Sy draai haar om en sê vir Hom: Rabboeni! dit beteken Meester.
Johannes 20:17 Jesus sê vir haar: Raak My nie aan nie, want Ek het nog nie opgevaar na my Vader nie;

**Waarom het Jesus gesê dat sy Hom nie moes aanraak nie?**

Want Hy is die soewereine Lam van God, die offer, wat nou uit die aarde uitkom. Ons moet in gedagte hou dat die aarde niks rein gehad nie, die vloek was daar.

Génesis 3:17 En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie—vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe.

Génesis 3:18 Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring; en jy sal die plante van die veld eet.

Dit is waarom God die Vader self Sy saad moes gee om in die aarde in te kom, wortel te skiet in die onder wêrelde. Drie wortels in die Abyss, Tartarus en die Paradys, sodat Hy gevestig kon word en as die rein en skoon bloedoffer kon opstaan.

Die aarde het so pas haar heilige opbrengs gebaar (gegee) in die vorm van die opgestaande Christus Jesus. Sondeloos, vlekkeloos, perfek, die enigste Een wat nou na die Vader kon gaan. Dit is waarom Hy vir Maria sê: *Moet My nie aanraak nie; moenie laat daar iets aards aan My kleef nie want Ek moet nog opgaan na My Vader toe.*

### iii) Sending

Vervolgens sê Jesus vir haar: maar gaan na my broeders en sê vir hulle: Ek vaar op na my Vader en julle Vader, en my God en julle God.

Daar het Jesus die Christus die eerste dissipel uitgestuur. Dissipel beteken 'n sending wat uitgestuur is. Jesus sê: *Gaan vertel. Jy is die eerste persoon wat die openbaring van die opstanding gekry het, wat My in 'n opgestaande verheerlikte vorm gesien het*.

Daar is diegene wat sê dat 'n vrou nie mag preek nie. Dit is tog vreemd dat Jesus self vir Maria uitgestuur het as 'n sendeling.

-o0o-

### vii) **Versoening in die hemel**

Hierna vaar Jesus met Sy bloed op hemel toe. Hy gaan bied Sy bloed vir die Vader aan en die Vader aanvaar Sy bloedoffer. Jesus Christus vat Sy bloed en offer dit op die altaar. Met ander woorde, Sy bloed word ‘n versoeningsoffer. Die aarde het die prys gegee maar die versoening moes in die hemel plaasvind.

Hebreërs 9:12 ook nie met die bloed van bokke en kalwers nie, maar met sy eie bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en ‘n ewige verlossing teweeggebring.

Ek het die volgende in ‘n ‘open eye vision’ gesien:

*Toe Jesus Sy bloed op die altaar offer, styg daar iets op wat soos rook lyk. Hierdie ‘rook’ kom toe bymekaar en vorm name, en die name plaas hulle self op ‘n boekrol (scroll). Dit is belangrik om te weet dat alles wat in die hemel is, leef. Die altaar leef, die troon van God is ‘n lewende vuur. Soos hierdie boekrol verby die Vader beweeg, het die Vader met elke persoonlikheid, wat Hy voor die grondlegging van die wêreld beplan het om mens te wees, versoen.*

Wanneer ‘n mens hierdie dinge begin verstaan, ontdek jy hoe die volle Woord van God in werking kom. Dit is ‘n geheel, die Woord is lewe!

Die Vader het nooit met die mensdom versoen nie, maar wel met elke persoonlikheid oor wie Hy voor die grondlegging van die wêreld gedroom het, beplan het, wie vir Christus Jesus sou aanneem.

Johannes 3:16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Dus het die Vader net versoen met diegene wat in die bloed van Jesus Christus geskrywe is en Sy bloed het verander in ons name. Ek weet dit is baie ingewikkeld. Sy bloed en my naam is nou een; ek is nou een in Christus Jesus. In Hom is daar eenheid, ek is nou deel van Sy liggaam. Dit is waarom Hy die brood breek en sê: *Dit is My liggaam wat vir julle gebreek word, en dan neem Hy die beker en sê drink My bloed sodat julle kan deel word.* Ons is dus een met Hom **in** die Vader. Soos Hy in die Vader is, so is ons een met Hom. Dit is Sy gebed in Johannes 17 vir Sy dissipels. Jesus het ons kom haal om ons **in** Hom na die Vader te neem, sodat ons ‘n eenheid met God die Vader kan vorm.

Nadat Jesus dit gedoen het, het die Vader Hom weer geseën en Hom teruggestuur en gesê: *Gaan toon jouself nou aan die mense dat hulle kan sien dat jy opgestaan het.* Jesus het Hom egter nie aan almal getoon nie, maar slegs aan diegene wat geglo het. Christus gaan Hom net openbaar aan diegene wat glo; die wat een is met Hom.

Dit is baie kosbaar, en dit is wat op hierdie besondere dag in die geestelike realm gebeur het. Omdat Christus opgestaan het kan ons lewe. Die mense wat saam met Christus opgestaan het, het wel die ewige lewe gehad maar hul het rondgedwaal. Hulle kon nog nie hemel toe gaan nie want die versoening was nog nie in die hemel gedoen nie, en die poort was nog nie oopgemaak nie. Die oomblik toe die Vader die name op die boekrol aflees, is hul die een na die ander op hemel toe.

**Matthéüs 26:26** En terwyl hulle eet, neem Jesus die brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan sy dissipels en sê: Neem, eet, dit is my liggaam.
Mat 26:27 Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: Drink almal daaruit.
Mat 26:28 Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes.

**Johannes 17:20** Maar Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo—
Joh 17:21 dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.
Joh 17:22 En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is.
Joh 17:23 Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees; en dat die wêreld kan weet dat U My gestuur het, en hulle liefgehad het net soos U My liefgehad het.

-o0o-

# 3. DAG NA DIE OPSTANDING

## SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING:

**Lukas 24:5 En toe hulle baie bevrees word en met hulle aangesigte na die aarde buig, sê die manne vir hulle: Waarom soek julle die Lewende by die dooies?**

**Mattheüs 27:63 en sê: My heer, ons herinner ons dat dié verleier, toe hy in die lewe was, gesê het: Oor drie dae staan ek op.**

**Mattheüs 27:64 Gee dan bevel dat die graf verseker word tot die derde dag toe, dat sy dissipels nie miskien in die nag kom en Hom steel nie, en vir die volk sê: Hy het opgestaan uit die dode. En die laaste dwaling sal erger wees as die eerste.**

**Mattheüs 27:65 Daarop sê Pilatus vir hulle: Julle sal 'n wag kry; gaan verseker dit soos julle dit verstaan.**

### i) Waarom Is Die Opstanding So Belangrik?

'n Leraar het by geleentheid gesê ons moet eintlik elke dag die opstanding herdenk, want ons leef in die opstanding; ons lewe by die Lewe, nie in die dooies nie. Dit is waarom die engel vir Maria Magdalena gevra het 'Waarom soek julle die lewende by die dooies?'

Ons kan nie die kruis en die graf uit die evangelie haal nie, want dit was nog altyd middele tot 'n sekere doel. As Christus nie gesterf het kon Hy nie opgestaan het nie. Die oorwinning was nie in die kruis nie, maar in die opstanding, want die opstanding is 'n teken van die oorwinning oor die dood. Indien Hy nog steeds aan die kruis of in die graf was, was dit 'n teken dat Hy steeds vasgevang was. Daarom gebruik sataniste ook die beeld wat die Katolieke handhaaf waar Christus nog aan die kruis hang. Die Katolieke aanbid daardie Christus wat gekruisig is, en die sataniste hou daarvan want hulle herinner hulle self daaraan dat satan dit reggekry het om Christus dood te maak.

(Let egter op, Jesus is nie doodgemaak nie, maar het Sy lewe afgelê soos hierbo bespreek in Jesus se dae in die graf).

Die oorwinning het egter nie aan die kruis nie gekom nie. Die prys is wel aan die kruis betaal; die offer is aan die kruis gebring. Maar die oorwinning is behaal oor die dood en oor die hel; oor sonde, oor die houvas wat sonde oor die mensdom gehad het.
1 Korinthiërs 15:55 Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning?

In Christus het ons oorwinning gekry oor die dood en oor die hel, want dit is Hy wat die moederskoot geopen het vir die opstanding. Hy was sondeloos en vlekkeloos, 'n vrywillige liefdesoffer wat die Vader gegee het, daarom kon Hy die prys betaal. Omdat Hy die prys betaal het, is die oorwinning net in Hom en het die opstanding op die 1ste dag van die week plaasgevind.

### ii) Wat Sê Die Woord Omtrent Die Opstanding?

Mattheüs 27:63 en sê: My heer, ons herinner ons dat dié verleier, toe hy in die lewe was, gesê het: Oor drie dae staan ek op.

Mattheüs 27:64 Gee dan bevel dat die graf verseker word tot die derde dag toe, dat sy dissipels nie miskien in die nag kom en Hom steel nie, en vir die volk sê: Hy het opgestaan uit die dode. En die laaste dwaling sal erger wees as die eerste.

Mattheüs 27:65 Daarop sê Pilatus vir hulle: Julle sal 'n wag kry; gaan verseker dit soos julle dit verstaan.

-o0o-

Dít is die kern van die saak: hulle het nie geglo nie, hulle was bang dat daar verdere verleiding sou kom. Hulle was bang vir die opstanding en wat daarop sou volg. Hulle het wel besef dat hulle die Christus gekruisig het en wil nou hul eie dinge toegesmeer hê. Daarom probeer hul die graf toemaak en die opstanding keer, want sou Hy opgestaan het, sal dit 'n getuienis wees dat hulle verkeerd was en Hy reg.

Hulle gaan vra vir Pilatus om die graf te verseël. Pilatus sê *julle sal 'n wag kry* en hierdie wag verteenwoordig die 5 sintuie van hoor, proe, sien, tas en ruik.

Dit is die wag wat nou geplaas is in die sielsdimensie. ….**'soos julle dit verstaan'**. Daar het die sielsdimensie ingetree wat sê: *Nou sal julle nie meer die evangelie hoef te glo nie, julle sal dit moet* ***verstaan****, want ons plaas nou 'n wag voor die opstanding, sodat die opstanding nie in 'n mens se lewe kan plaasvind nie*. Só het hierdie ding van 'verstaan alles' ingekom. Met ander woorde, hierdie 5 wagte, hierdie 5 sintuie, het ingekom in die geloofsverklaring wat ons maak, van 'ek glo in God die Vader, Seun en Heilige Gees' en so meer.

Die Bybel sê in Romeine 10:9 As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word;

Dit het niks te doen met die belydenisse van sisteme nie, maar met **dit** wat die Woord van God sê.

Mattheüs 27:66 En hulle het gegaan en die graf verseker deur die steen te verseël in teenwoordigheid van die wag.

Met ander woorde: die graf is verseël; die opstanding is verhinder in mense se lewens, in die teenwoordigheid van die wag. Hierdie 5 sintuie het nou ingekom, beheer uitgeoefen en die wag, soos ons dit verstaan, is daar geplaas sodat ons nie die opstanding kan sien nie. God het egter gekom en Hy het die aardbewing veroorsaak en die aardbewing het die klip laat wegrol.

Mattheüs 28:2 En daar kom 'n groot aardbewing, want 'n engel van die Here het uit die hemel neergedaal en gekom en die steen van die opening weggerol en daarop gaan sit.

As 'n mens by die tuingraf kom sien jy baie duidelik die kraak bokant die graf, as bewys dat die steen moes weggerol het as gevolg van die manier waarop een van die stene gelig het. Jesus het in Sy Liggaam opgestaan, Hy het in Sy getuienis opgestaan. Hy het homself geopenbaar aan diegene met wie Hy 'n verhouding het, aan die wat in Hom geglo het, nie Hom verstaan het nie maar in Hom geglo het. Hy het Hom nie aan vreemde mense geopenbaar nie. Ons is veronderstel om vandag die Opstanding te herdenk in die teenwoordigheid van die Heilige Gees en nie meer in die teenwoordigheid van die sielsdimensie nie.

Hierdie evangelie kan nie verstaan word nie, dit moet geglo word. Dit gaan nie meer oor wat ek verstaan of nie verstaan nie; dit gaan oor wat word aan my deur die Heilige Gees geopenbaar. Daarom kan ons nie meer die wagte, die sielsdimensie in heerskappy plaas nie, want dis juis hy wat vir ons lieg, want hy kan dit nie verstaan nie.

Vandag is ek en jy veronderstel om 'n getuie te kan wees van hierdie Opstanding. Dit help veel ons praat en die Opstanding het nie in my en jou plaasgevind nie.

- Het Hy regtig in Sy Liggaam opgestaan, het Hy regtig in my en jou opgestaan?
- Is ek en jy regtig 'n getuie van Sy Opstanding?
- Kan ons lewe daarvan getuig dat ons die sielsdimensie, die vlees oorwin het?
- Kan ons regtig sê dat dit wat juis 'n blokkasie is van die opstanding, ons dit oorwin het?

-o0o-

- Word ons beheer deur God se Gees of word ons beheer deur die aanloklikhede van die vlees?
- Is die Heilige Gees regtig 1ste in ons lewens?
- Herken en erken ons die Heilige Gees se leiding in ons beplannings en alles wat ons doen?
- Vra ons vir Sy leiding? Vra ons eers vir Hom wat moet ons doen in 'n situasie? Moet ek hierdie transaksie aangaan, ensovoorts?
- Hoe lyk Christus in my jaar beplanning? Hoe lyk die Evangelie in my jaar beplanning? Hoe lyk dit in my maand beplanning? Of speel Hy geen rol nie?

Dan moet ek ongelukkig vir jou sê dat die Opstanding nie in jou plaasgevind het nie. Want as die opstanding in jou plaasgevind het sal jy getuie wees van die Opstanding. Dan sal jy getuie wees van wat Hy nou is, en is nie die Christus wat in die graf lê nie; Hy is die Christus wat lewe. En Hy lewe in Sy Liggaam.

**Ter Verduideliking:**

Dalk was ek effe onduidelik oor hoekom ek sê dat ons nie meer in die sielsdimensie kan lewe nie. Die Bybel sê vir ons baie duidelik in Matt 28:4…en uit vrees vir hom het die wagte gebewe en soos dooies geword. Mattheüs 28:4 En uit vrees vir hom het die wagte gebewe en soos dooies geword.

Dit is die vrees vir die engel. Die engel is die aankondiger van die opstanding; dit is 'n simboliek aan die Heilige Gees. As ons sê dat die Heilige Gees in beheer van ons lewe is, kan die wagte nie meer funksioneer nie; want die twee kan nie saam funksioneer nie. Die siel en die gees kan nie saam funksioneer nie.

**Het Die Opstanding In My Plaasgevind?**

- Gaan ek maar net nog kerk toe? Waar staan ek in hierdie verhouding?
- Is dit net 'n verpligting wat ek moet nakom?
- Het ek deel geword van hierdie lewende Evangelie waar die lewe in die Opstanding is?
- As ek sê dat Christus in my lewe, dan sal die opstanding in my plaasgevind het, en die sielsdimensie sal nie meer plek hê in my lewe nie.
- Die wag wat Pilatus op aandrang van die Sanhedrin daar geplaas het, wat die godsdienstige strukture simboliseer, wat wil verhoed dat die opstanding plaasvind in mense se lewens, sal dan nie meer 'n faktor wees nie.
- Dit sal dan vir my wees: Christus het Homself aan my geopenbaar; Hy lewe in my; Hy het in my opgestaan; ek is 'n getuie van Sy opstanding; Christus sal nommer een in my lewe wees.
- Dan sal dit wees: Kolossense 1:18 En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees.
- Hierdie wagte het geword soos dooies in die teenwoordigheid van die opstanding. Hierdie wagte wat die sisteme en wat godsdiens en al hierdie dinge op mense geplaas het om hul in gebondenheid te bring, kan nie meer funksioneer nie want die Opstanding het plaasgevind.

**1 Thessalonicense 4:16** Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die stem van 'n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.

**1 Korintiërs 15:16** Want as die dode nie opgewek word nie, dan is Christus ook nie opgewek nie;
1 Kor 15:17 en as Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle sondes;
1 Kor 15:18 dan is ook die wat in Christus ontslaap het, verlore.

-o0o-

# 4. NÁ PAASTYD-MY PLIG

**SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: Lukas 24:13-35**

**Lukas 24:13 En twee van hulle was dieselfde dag op pad na 'n dorp wat agt myl van Jerusalem af was, met die naam van Émmaüs.**

**Lukas 24:14 En hulle was in gesprek met mekaar oor al hierdie dinge wat voorgeval het.**

**Lukas 24:15 En terwyl hulle praat en mekaar ondervra, kom Jesus self nader en loop met hulle saam.**

**Lukas 24:16 Maar hulle oë is weerhou, sodat hulle Hom nie kon herken nie.**

**Lukas 24:17 En Hy sê vir hulle: Watter woorde is dit wat julle met mekaar loop en wissel, en waarom is julle bedroef?**

**Lukas 24:18 En die een wie se naam Kléopas was, antwoord en sê vir Hom: Is U alleen 'n vreemdeling in Jerusalem en weet U nie van die dinge wat in hierdie dae daarin gebeur het nie?**

**Lukas 24:19 En Hy sê vir hulle: Watter dinge? En hulle antwoord Hom: Die dinge aangaande Jesus, die Nasaréner, wat 'n profeet was, kragtig in werk en woord voor God en die hele volk;**

**Lukas 24:20 en hoe ons owerpriesters en owerstes Hom oorgelewer het tot die doodstraf en Hom gekruisig het.**

**Lukas 24:21 En ons het gehoop dat dit Hy was wat Israel sou verlos; maar nou is dit vandag, met dit alles, die derde dag vandat dit plaasgevind het.**

**Lukas 24:22 Maar sommige vroue uit ons het ons ook ontstel nadat hulle vroeg by die graf was;**

**Lukas 24:23 en toe hulle sy liggaam nie kry nie, het hulle gekom en gesê dat hulle ook 'n gesig gesien het van engele wat sê dat Hy lewe.**

**Lukas 24:24 En sommige van die wat saam met ons was, het na die graf gegaan en dit net so gevind soos die vroue ook gesê het; maar Hom het hulle nie gesien nie.**

**Lukas 24:25 En Hy sê vir hulle: o Onverstandiges, met harte wat traag is om te glo alles wat die profete gespreek het!**

**Lukas 24:26 Moes die Christus nie hierdie dinge ly en in sy heerlikheid ingaan nie?**

**Lukas 24:27 En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het.**

**Lukas 24:28 Daarop kom hulle naby die dorp waarheen hulle op reis was, en Hy het gemaak of Hy verder wou gaan;**

**Lukas 24:29 maar hulle het by Hom aangedring en gesê: Bly by ons, want dit is amper aand en die dag het gedaal; en Hy het ingegaan om by hulle te bly.**

**Lukas 24:30 En toe Hy met hulle aan tafel was, neem Hy die brood en dank; en Hy breek dit en gee dit aan hulle.**

**Lukas 24:31 Toe is hulle oë geopen en hulle het Hom herken, en Hy het uit hulle gesig verdwyn.**

**Lukas 24:32 En hulle sê vir mekaar: Was ons hart nie brandende in ons toe Hy met ons op die pad gepraat en vir ons die Skrifte uitgelê het nie?**

**Lukas 24:33 Toe staan hulle in dieselfde uur op en gaan na Jerusalem terug en vind die elf en die wat saam met hulle bymekaar was,**

**Lukas 24:34 wat sê: Die Here het waarlik opgestaan en het aan Simon verskyn.**

**Lukas 24:35 Toe vertel hulle wat op die pad gebeur het en hoe Hy aan hulle bekend geword het by die breking van die brood.**

Ons het nou Paastyd herdenk - die Kruisiging en die Opstanding. Wanneer 'n mens na die media kyk, asook na die getuienisse van mense en die boodskappe wat mens ontvang het van selfs vreemdelinge, kom dit voor asof dit nou 'n in-ding (high) is in die kind van God se jaar program. Dit moet seker so wees, dit het sy regte plek.

-o0o-

Die Here het egter vanoggend vir my gevra: '*Gert, wat gebeur hierna? Gaan jy maar weer met jou normale lewe aan soos voorheen, en volgende jaar hierdie tyd is dit weer 'n 'high (kortstondige opflikkering)?'*

Wat het God in hierdie Evangelie geplaas wat 'n aanduiding is van waar ek inpas, want die Skrif sê: Johannes 3:16 Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê

Jesus het, voor Hy opgevaar het gesê: Matthéüs 28:19 Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

**i) <u>Waar Pas Ons In?</u>**

Die antwoord kry ons in Lukas 24, vanaf vers 13, die Émmaüsgangers.

**ii) <u>Dissipels Se Aanvanklike Reaksie</u>**

Hulle het alles gesien wat gebeur het; hulle was die oggend by die graf en nou was hulle op pad na Émmaüs, in gesprek met mekaar oor al die dinge wat voorgeval het. Onderwyl hulle gesels en mekaar ondervra, kom Jesus self nader en loop met hulle saam. Maar hulle oë is weerhou sodat hulle Hom nie kon herken nie. Jesus doen navraag waaroor hulle met mekaar praat en waaroor is hulle bedroef.

Let op hóé hulle Hom antwoord: …die dinge aangaande **JESUS DIE NASARÉNER**…wat 'n profeet **WAS**…kragtig in werk en woord…en ons het **GEHOOP**… sommige vroue het ons **ONTSTEL.**

**<u>Belangrik:</u>**

- Hulle het 'n **<u>hoop</u>** gehad.
- Hulle was deel van die gebeure, hulle het alles beleef, en was eerstehandse getuies van dit wat gebeur het.
- Hulle hoop tuimel ineen, want daar was 'n hemelsbreë verskil tussen dit wat hulle hoop was en wat werklik God se hoop was.
- Hulle hoop was dat Jesus sal kom om Israel van die Romeinse onderdrukking te verlos, maar die Vader se hoop was dat Hy die mensdom sou verlos.
- Hy moes egter 'n sekere pad loop - die kruisiging, die opstanding en alles wat ons in hierdie dae behandel het, MOES gebeur sodat die mensdom gered kon word. Want so lief het God die wêreld gehad…nie Israel nie...... Christus Jesus het vir die hele wêreld gesterf.
- Hulle glo dus nie dit wat die vroue hulle vertel het nie.

**iii) <u>Jesus Se Reaksie:</u>**

Lukas 24:25 En Hy sê vir hulle: o Onverstandiges, met harte wat traag is om te glo alles wat die profete gespreek het!
Lukas 24:26 Moes die Christus nie hierdie dinge ly en in sy heerlikheid ingaan nie?
Lukas 24:27 En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het.
Lukas 24:28 Daarop kom hulle naby die dorp waarheen hulle op reis was, en Hy het gemaak of Hy verder wou gaan;
Lukas 24:29 maar hulle het by Hom aangedring en gesê: Bly by ons, want dit is amper aand en die dag het gedaal; en Hy het ingegaan om by hulle te bly.

-o0o-

Lukas 24:30  En toe Hy met hulle aan tafel was, neem Hy die brood en dank; en Hy breek dit en gee dit aan hulle.

Hy het gemaak asof Hy verby wou gaan maar hulle het aangedring dat Hy by hul moes bly. Ons moet onthou hulle het die hele dag geloop, omtrent 8 myl (12 kilometers), en dit was amper aand. Hy het toe ingegaan om by hulle te bly.

**Let Op**: Die Here Jesus het nou vir hul al die Skrifte uitgelê, presies dit wat moes gebeur van Moses en al die profete af, maar tog het hulle dit nie regtig in hulle gees ingeneem nie. Hulle vra nou dat Hy aandete by hul kom eet, en toe Hy met hulle aan tafel was, neem Hy die brood en dank, breek dit en gee dit aan hulle. **Toe** is hulle oë geopen en het hulle Hom herken, en Hy het uit hul gesig verdwyn.

Lukas 24:31  Toe is hulle oë geopen en hulle het Hom herken, en Hy het uit hulle gesig verdwyn.

**Hierin Is Die GROOT Waarheid**.

- Die Émmaüsgangers het alles verstaan, alles is vir hulle gegee.
- Hulle het alles gesien; alles belewe, daar was is in hulle hele lewe geen tekort  nie.
- Hulle het alles eerstehands ontvang - saam met Christus geloop.
- Tog het hulle eers toe Hy die brood breek en dit vir hulle gee, die **OPENBARING** van die Opstanding gekry.
- 'n Mens kan alles in jou lewe hê; jy kan sit met dagstukkies, jy kan sit met alles wat aangestuur is in hierdie tyd, jy kan dit self beleef het, maar as 'n Brooddraer nie die brood, die werklike ware Woord van God vir jou oopbreek nie, sal jy nooit die openbaring van die opstanding belewe nie, en sal jy net bly waar jy is.
- Hulle het eers die openbaring van die opstanding gekry by die breking van die brood, en dit is nie almal wat die brood kan breek nie, maar slegs die ware Brooddraers wat die Brood van die Lewe, wat in hulle hande gegee is, toe Jesus gesê het gaan voed die nasies.

### iv) Openbaring Van Die Opstanding En Wat Daaruit Voortvloei:

Lukas 24:32  En hulle sê vir mekaar: Was ons hart nie brandende in ons toe Hy met ons op die pad gepraat en vir ons die Skrifte uitgelê het nie?

Lukas 24:33  Toe staan hulle in dieselfde uur op en gaan na Jerusalem terug en vind die elf en die wat saam met hulle bymekaar was,

Lukas 24:34  wat sê: Die Here het waarlik opgestaan en het aan Simon verskyn.

Lukas 24:35  Toe vertel hulle wat op die pad gebeur het en hoe Hy aan hulle bekend geword het by die breking van die brood.

Dit gebeur so baie met kinders van God, en ek diskrimineer nie. Daar is baie mense wat nou in hierdie dag sê hulle hart was brandend in hulle, toe hulle dit of dat gelees het, of hierdie lied gehoor het, maar wat verder? Dit het met die Émmaüsgangers ook gebeur. Dit help veel jou hart is elke jaar brandend en daar gebeur niks verder nie. Ons moet egter begin verstaan, hier is iets meer as die Paasnaweek;  hier is iets verder as dit wat Christus vir ons gedoen het. Kyk wat sê die volgende vers: toe staan hulle op in dieselfde uur en gaan na Jerusalem.

Kyk na die opoffering wat hulle gedoen het. Die Bybel sê vir ons dit was amper aand toe hulle in die huis gegaan het. So teen dié tyd moes dit al donker gewees het want hul het al klaar geëet. Die oomblik toe hulle egter die openbaring van die Opstanding kry, kon niks hulle keer nie. Nie die fisiese elemente nie, nie

hulle eie sake nie, nie hul eie behoeftes nie, niks nie. Hulle het in **dieselfde uur** opgestaan en na Jerusalem teruggegaan, na die 11 en die wat saam met hulle was, en gesê: die Here het waarlik opgestaan en aan Simon verskyn. Toe vertel hulle wat op die pad gebeur het.

Wanneer gaan Christus Jesus, die Opstanding aan ons openbaar word? By die breking van die brood? Sodra ons die ware Evangelie, die Draers van die Rhema Woord, en die Bruid van Christus, hulle wat in die Verbond is, kan verbind, dan word daardie Rhema Woord, daardie brood vir ons gebreek. Wanneer ons die openbaring van die Opstanding kry, kan jy nie meer met 'n brandende hart in jou sit nie. Dan word jy 'n getuie.

v) **Selfondersoek**

- Waar staan ons vandag?
- Is ons hart maar net brandend in ons en dit was maar 'n lekker Paasfees?
- Wag ons maar vir volgende jaar se Paasfees?
- Of het die Here Homself in hierdie dae regtig aan ons geopenbaar?
- Kan ons hiervandaan gaan, maak nie saak van ons omstandighede nie, niks staan in die pad nie, ons het nou net een behoefte en dit is om vir die wêreld te gaan vertel en uit te lewe, Hy lewe, Hy het opgestaan en Hy het in Sy liggaam opgestaan?
- Hy het Hom aan my geopenbaar met die breking van die brood, ek is 'n ware getuie dat Christus Jesus opgestaan het, en ek praat nie net nie maar mense weet en kan dit sien want ek weet waarvan ek praat.
- En dit is wat verder moet gebeur. Ons moet nou hierdie getuienis verder uitdra, sodat ander nie op hoorsê kan gaan nie maar kan sien hierdie persoon weet waarvan hy/sy praat. Hulle het brooddraers geword en nou kan ek die openbaring van die opstanding by hulle kry.
- Hy word op geen ander manier aan ons geopenbaar behalwe deur die breking van die brood. Die ware evangelie is net in die bruid se hande geplaas, want sy ken Hom. Hy openbaar Homself aan haar in haar binnekamer.

**Mag die Here julle ryklik seën.**
**Amen**

-o0o-